# Hulp en Hoop

Kwartaal 2 JULIE 2021



**KERKKANTOOR**
PostNet Suite # 50
Privaatsak X 2449
Mokopane 0600
Tel / Faks : (015) 491 3537

Finansiëel :
Truly Truter
fin@ngpottiessuid.org.za

Administrasie :
Anita Hurn
admin@ngpottiessuid.org.za

Sentrumbestuurder
Nanette Strauss-Botha
083 336 9326

**LERAAR**
**Ds Jacques Erasmus**
072 653 9845 /
015 491 3539 (h)
**Kantoor-ure 015 004 2630 (jeughuis)**
jacques@ngpottiessuid.org.za


**BESOEK ONS GERUS OP ONS WEBBLAD**
www.nghulpenhoop.co.za
www.facebook.com/nghulpenhoopgemeenskapskerk

**GEDENKTUIN NAVRAE**
Besoek die kerkkantoor

## In die uitgawe


| | |
|---|---|
| SENDINGINISIATIEF | 2 |
| BADSELOOP JEUGKAMP-TERREIN | 2 |
| JEUG | 3 |
| AKSIE JONK VAN GEES | 3 |
| GEMEENTEFOTO'S | 4 |


*Jou geloof kan vir ander mense die deurbraak bring. Hoe meer jy Jesus vertrou, hoe meer kan dit ook vir ander wonders laat gebeur.*

# OMGEE - "Almal vir een en een vir Almal"

"All for one and one for all" is bekend as die motto van die Drie Musketeers uit die 19de eeuse boek van Alexander Dumas met dieselfde naam.

Hierdie slagspreuk was die leuse wat hierdie "musketeers" aan mekaar gebind het met 'n gemeenskaplike doel. Hulle help mekaar ook en hulle sien om na mekaar. Miskien ken ons ouer mense die leuse die beste nav die kinderweergawe van Brakkenjan.

Ons is ook as geloofsgemeenskap vir mekaar gegee om mekaar te bemoedig en te versorg en om te gee – veral in die gemeente en veral in tye soos nou waar ons tans in die middel van 'n pandemie is.

Ek lees van 'n berig in 'n Miami koerant waar verhaal word van 'n vrou na 7 jaar dood gekry is in haar bed. Na sewe jaar!

*En jy vra jouself af: Hoe is so iets moontlik? Hoe kan dit gebeur dat bure en familie vir sewe jaar 'n persoon nie gemis het nie? Of dat hulle nie moeite gedoen het om kontak te maak nie? Is dit moontlik dat mense so by mekaar kan verby leef?*

En nou weet ons ook dat elkeen van ons op een of ander wyse, en een of ander tyd, meer afhanklik is van ander mense. Ons het soms mekaar se bemoediging en sorg nodig.

Ons kom maar nie altyd goed op ons eie reg nie. Al probeer ons dit ook hoe dapper bewys.

Die vreemde ding is ook dat 'n mens soms eensaam kan wees, selfs al sit jy tussen 50 000 mense op 'n stadion. Tussen so baie mense kan jy steeds iemand se liefde nader aan jou nodig hê. En party mense het baie ander naby hulle. Maar party het nie baie mense wat vir hul kan omgee nie.

Markus 2 se verhaal van die verlamde man is vir my so ongelooflik aangrypend. Dit vertel van iemand wat wel ander se sorg ontdek. Hierdie man ontdek liefde en sorg op drie vlakke:

- Hy het iemand nodig gehad om hom fisies na Jesus toe te dra.
- Hy het Jesus se vergifnis nodig gehad.
- Hy het Jesus se genesing nodig gehad.

Ons sien hierdie man wat in sy wanhoop en desperaatheid by die huis lê. Hy is fisies verlam. Hy kan nie loop nie. Hy het nie eers 'n manier om op sy eie by die dokter / "Dokter" uit te kom nie.

**Maar gelukkig het hy vriende. Hy het vriende wat vir hom omgee. Hulle soek saam met hom na oplossings. Hulle is saam met hom moedeloos en desperaat.**

Hulle hoor van die Groot Geneesheer met die naam Jesus en hulle begin hoop kry vir hierdie vriend van hulle. En hulle het genoeg van Jesus se wondergenesings gesien dat hulle glo dat Jesus kan help! En daar en dan besluit hulle: Vandag (!) dra ons, ons verlamde vriend na hierdie Jesus toe!

Sy hele leefwêreld was waarskynlik in hierdie vierkantige draagbaar van twee takke en 'n stuk lap waarmee ander hom elke dag moes ronddra. Die 4 vriende gryp die draagbaar en hulle stap doelbewus na die huis waar Jesus is. Maar, o aarde! Soos gewoonlik verdring mense mekaar rondom Jesus. Hulle kan nie eers by die deur van die huis inkom nie. Die agterdeur staan ook vol mense! Hulle kyk vraend na mekaar .... En hulle knik vir mekaar! Hulle klouter op die dak. En hulle begin arme ou Petrus se huis se dak oop te breek!

1. As ons dink dit wat verder gebeur is wonderwerke, dan wil ek vir jou sê dat dit wat hier gebeur het is net so 'n wonder. Dat 4 vriende hul verlamde vriend na Jesus toe dra, met al die moeite en opoffering, dit is maklik net so 'n groot wonder as die twee wonders wat verder sou gebeur.

**Waarom is dit 'n wonderwerk?**
Omdat dit teen ons natuur is dat ons ons eie gerief opoffer om ander te help en te versorg.
Ons egoïsme en selfsug maak dat dit nie van nature gebeur nie.
Dit gebeur net as die Gees van Christus ons selfsug omkeer ... tot omgee!

Hierdie vier vriende was inderdaad die naastes van die verlamde man. Hierdie verlamde het iemand! Hy het trouens 4 vriende wat vir hom omgee.

2. Dan gebeur daar 'n tweede wonder: Hierdie man se sondes word deur Jesus vergewe. As jy by Jesus uitkom, dan gebeur daar op al jou lewensterreine iets: Geestelik, fisies en emosioneel.
3. Dan vind die derde wonderwerk plaas: Jesus genees die verlamde man.

Jesus doen hierdie wonders omdat Hy vir hierdie man lief is en omgee.

Dit is baie interessant. Meermale lees ons tog dat Jesus reageer agv die individu se eie geloof:

Maar hier sien ons…
**Ander se geloof maak hier die verskil.**
**Ander se geloof is die motivering vir Jesus om genesing te gee.**
**Ander het Jesus vertrou dat Hy dit sal doen en dat Hy dit kan doen.**
En Jesus stel hul nie in hul geloof teleur nie.

**Sien jy: Jou geloof is nie net daar tot jou eie voordeel nie.**
*Jou geloof kan vir ander mense die deurbraak bring. Hoe meer jy Jesus vertrou, hoe meer kan dit ook vir ander wonders laat gebeur.*

Daar is baie mense wat ook vandag vir ons sou kon sê: "Ek het niemand nie. Of Ek het behoefte aan baie meer sorg, bemoediging, omgee en liefde."
Daar is egter ook 'n groot struikelblok: dat ons mekaar nie in ons vertroue neem nie. Dat ons nie vra vir hulp nie. As ons nie vra vir hulp nie, hoe gaan ander weet van ons nood?


Natuurlik is dit moeilik om vir hulp en bemoediging en voorbidding te vra. Natuurlik is dit net soveel beter as daar mense rondom jou is wat sommer kan sien dat jy dit nodig het.

Daarom – vanuit die geloof in Jesus Christus, en omdat ons die geloofsfamilie is, kom daag die Here self jou vandag uit:

1. Glo weer dieper. Glo dat Jesus kan! Bou jou eie geloof op. Dit bring deurbrake vir jou en selfs vir ander.
2. Bied jouself aan om vir ander 'n"*iemand"* te wees. Jy is daar om ander na Jesus te dra. Jy is daar om ander te help – om selfs deur die dakke te kom – om by Jesus uit te kom.
3. Waag dit vandag om vir ander te sê dat jy liefde, omgee en sorg nodig het. Miskien is dit een van die moeilikste dinge wat die Here van jou vra. Vertrou die Here en vertrou jou broers en susters.

Oorgeneem en aangepas vanaf NG Universitas
Ds Retief Botha.

# SENDINGINISIATIEF




Deur die GROOT genade van ons HERE het beide die Sendingfonds en die hele sendinginisiatief ongeskonde deur Covid-19 gekom – al het een van ons getroue donateurs en voorbidders self ernstig onder die virus gely.

Ons was steeds in staat om al sewe ons sendelingpare te ondersteun en selfs om 'n inflasieverhoging deur te gee.

Oor die afgelope jaar is R30 900 uitbetaal en het kumulatiewe uitbetalings sowat R210 000 bereik. Teen die middel van April 2021 het die Sendingfonds op R252 000 gestaan, nadat dit 'n jaar gelede tot R197 000 gedaal het.

Baie dankie vir elke bydrae en elke gebed. En moet asseblief nie ophou om te gee en te bid nie.

Ons leuse kom uit Luk 16v10: "Wees getrou in die klein dingetjies dan sal julle ook in die groot dinge getrou wees." Elke R100 maak wel 'n verskil!

Ons het ook ondervind dat Jesus weereens die waarheid gepraat het in Luk 6v38: "Gee, en vir julle sal gegee word, tot oorlopens toe vol."

Bid dan asseblief steeds vir:
Jurie en Magdaleen Goossen: Bediening aan buitelandse studente aan die Universiteit van Stellenbosch. Die finansies bly maar knyp terwyl die bediening steeds groei en vrugbaar is.

Johan en Este de Nysschen: Panama-bediening. Gesondheid en sosiale isolasie is 'n groot uitdaging. Este verlang vreeslik na haar kleinkinders. Hul rol neem steeds toe en strek oor verskeie lande.

Erik en Hester van Zyl: Kunene-sending. Die HERE het hulle in staat gestel om grootskaalse noodleniging in die barre Kunene in die noordweste van Namibië tot in Angola te verleen. 'n Uiterste droogte knel die gebied.


Ds. Henk en Betsie Olwage: Omaheke streek in Oos Namibië. Soos die Kunene-sending verskaf hulle geestelike en sosio-ekonomiese dienste aan gemarginaliseerde gemeenskappe soos die San. Betsie moes in Gobabis gaan werk om die pot aan die kook te hou.

Ons ondersteun ook verskeie sendingpare wat onder die Moslems werk. Weens veiligheidsredes verskaf ons geen verdere inligting nie behalwe dat hulle in strategiese posisies is en 'n behoefte het dat die HERE die geestelik hongeres na hulle sal stuur.

Mag die HERE ons harte verruim sodat ons meer vir hierdie kosbare stryders op die frontlinie kan doen.

Skakel Du Toit Malan by 0677447745 of kontak die kerkkantoor as jy betrokke wil raak by ons sendingprojek.

## BADSELOOP JEUGKAMPTERREIN




**BADSELOOP - 'n kamp waar Jongmense maar ook mense van alle ouderdomme, HIER, 'n tuiste in hul harte gemaak het vir die Here.**

Die kamp is divers en uniek en kan groot en klein kampe akkomodeer.

Daar is rondawels vir gesinne, karavaan staanplekke vir kampers en slaaplokale vir groter groepe. Lesingslokale en 'n amfiteater.

Idiaal vir families, kerke, skole Leierskampe en selfs vir spanbou geleenthede van jou besigheid, met 'n avontuurbaan sowel as plek vir ander aktiwiteite.

'n Groot swembad asook warmwater baddens vir die ouergarde.

Daar is twee kampterreine Warmbron en Bosveld elk met goed toegeruste kombuise en bomas.

Bring jou mense om te kom rus en kom soek God se nabyheid. God is te vinde in die mooi natuurskoon van Badseloop.

Kom skryf nuwe stories saam met ons!

**Tariewe is as volg:**
Deposito R2000 per kampterrein

**Wooneenhede**
R100 per volwassene per dag
R80 per skoolgaande kind per dag

**Woonwaens of Tente**
R130 per dag vir 4 persone Ekstra persone
R50 per persoon per dag

Minimum van 20 persone
Minimum van 2 dae

Kontak gerus vir Riana 083 308 9511 of e-pos badseloopjeugkamp@gmailcom rondom besprekings







## JEUG EN KATEGESE

Na die skole begin het op 3 Mei 2021 het ons besluit om vanaf 9 Mei 2021 met alle kategese klassies van Gr.1 tot Gr.7 gedurende die Sondagoggend eredienste te begin.

Kinderdienste / kategese is by die Jeughuis aangebied.

Ons het gevind dat dit baie goed gewerk het. Kinders van dieselfde huishouding kon dan saam deelneem aan ons gesprekke en aktiwiteite. Ons het ook gemerk dat daar kinders is wat nie na die kinderdienste / kategese toe kom nie, maar om hulle te akkomodeer is daar steeds voortgegaan met die uitstuur van die lessies dmv Youtube skakel sodat ouers en kinders dit saam kan bebehandel. Lessies is dan hersien gedurende Sondag byeenkomste.

Ons het 'n paar keer poppekas gehad en ook Kinderpinkster (of soos Hes gedink het "Pienk Stêr" gedurende die kinderdiens op 16 Mei 2021. Tydens die diens is ook 'n kort video gewys oor die "Vrug van die Gees". Die kinders het gesien dat die "super sluiper" die maats op die verkeerde pad gevat het en hoe die Heilige Gees hulle kom help het om weer te onthou van die heerlike vrugte van die Ruachboom.

Byeenkomste hervat sodra die vlak van inperking dit toelaat. Intussen word daar steed kategese lessies uitgestuur dmv Youtube.









## JEUG Byeenkomste (Hoërskool Jongmense)

Sondae middae se Belydenisklasse is van 17h00 tot 18h00 en dit was goed bygewoon.

Direk na Belydenisklas het ons Jeug Byeenkomste vir Hoërskool Jongmense begin. Die byeenkomste is Interkerklik en alle jongmense is welkom.

Die gemiddelde bywoning was 35 Jongmense

Gedurende die byeenkomste het ons in 'n baie gemaklike atmosfeer 'n lessie behandel en videoclip gekyk terwyl elkeen 'n lekker hot chocolate / milo / cuppachino drink. Daarna is aktiwiteite soos die "Picasso aand", "Mini Olympics" en "Minute to Win It" aangebied, waar almal lekker kon lag en net sommer hulself wees.

Ongelukkig moes ons byeenkomste vroeër afsluit a.g.v die covid19 gevalle en skole wat vroeër moes sluit.

Ons hoop en vertrou dat ons gou weer ons dienste kan hervat.












## Aksie Jonk van Gees












Sterkrivier Basaar
Boere Troos
Alle Koffie R 10
Water R 10
Kick Start R 10 per shot
Koeldrank R 10
Glimlag! Jesus het jou lief! R5
NIK NAKS